

## **MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

### **NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 5 DESEMBER2018 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL – NOMMER 10/2018**

**1. OPENING EN VERWELKOMING** – Pieter Le Roux open met gebed en George Nezar verwelkom almal teenwoordig by die maandelikse vergadering van die Midbrak Belastingbetalersvereniging (MBBBV).

#### **2. PRESENSIE**

1. Die volgende lede is afwesig met verskoning:

- a. Rdsl Annatjie Jansen Van Rensburg (AJVR)
- b. Rdsl Anton Dellelijn (AD)
- c. Bouinspekteur Andre Reynders (BAR)
- d. Charl Coetzer (CC)
- e. Flippie Bezuidenhout (FB)

2. Die volgende lede het bedank:

- a. Ann Pretorius
- b. Francois Theart

3. Die volgende lede was teenwoordig:

- a. George Nezar (GN) (Voorsitter)
- b. Mike Wray (MW)
- c. Johan Lotter (JL)
- d. Robbie Landers (RL)
- e. Pieter Le Roux (PLR)
- f. Frik Nel (FN)
- g. Andre Smit (AS)
- h. Buks Pieterse (BP)
- i. Jacques Radley (JR)
- j. Cecil Barry (CB)

**3. LIEF EN LEED** - Geen

**4. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE**- Notule word aanvaar. [(AS) & (MW)]

**5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

1. **Thusongsentrum** – GN deel die vergadering mee dat daar vordering is met die voorsiening van die teken. Die voorgestelde teken word aan die lede getoon.
2. **Herseelprogram van strate**–Vergadering neem met dank kennis dat 'n program ontvang is. GN sal AD vra om op te volg vir die voorsiening van 'n tydskeduleen die volgorde waarin die gelyste strate herseelsal word. Daar word aanvaar dat die datums afhanklik is van weersomstandighede en onvermybare programaanpassings. Die MBBBV moet op hoogte gehou word van laasgenoemde.
3. **RheebokrifHuiseienaarsvereniging** – GN het opgevolg met die Munisipaliteit. Hierdie item staan oor na April/Mei 2019.
4. **Trappe vanaf Olckers- na Kusweg (Erf 659 – Erf 2213)** – GN dui aan dat daar vasgestel is dat daar wel 'n serwitut geregistreer is maar dit is in die naam van die eienaars. Die BAR gaan munisipale kennisgewings aan beide die eienaars bedien. Die eienaars gaan versoek word om die serwiture aan die munisipaliteit oor te dra of, om die trappe te herstel. Indien laasgenoemde nie uitgevoer kan of wil word nie, moet die trappe verwyder word.
5. **Agenteborde** – GN deel die vergadering mee dat 'n publieke deelname proses in 2019 sal plaasvind.
6. **Vakansieseisoen: Dienstye Van Lewensredders** – Die lewensredders sal aan diens wees daaglik van 08:00 tot 18:00 vir die tydperk 15 Desember 2018 tot 10 Januarie 2019. Volgens GN sal dit, in die MBBBV se gebied, slegs op Kleinbrakrivierstrand wees.
7. **Datums vir publieke bywoning in 2019** – Vir duidelikheid noem GN dat hierdie verwys na waar die publiek die MBBBV se maandelikse vergaderings mag bywoon. JR gee verdere uitklaring, naamlik dat die publiek onder andere nie enige insette tydens hierdie vergaderings mag lewer nie en/of enige stemreg het nie. Hulle mag wel probleme aanmeld vir aandag van die vereniging. Hierdie item sal op die Agenda van die Algemene Jaarvergadering van 17 Desember 2018 geplaas word ter inligting en vir bespreking.
8. **Beyerstraat: Opgradering: Bespreking** – GN verwittig die vergadering waarom die Munisipaliteit voortydig tenders gevra het. Terugvoering van die proses word ook gegee en vra ook dat die MBBBV nie hier moet kant kies nie. 'n Publieke inligtingsdeelname proses het plaasgevind op 28 November 2018.

Planne van die voorgestelde projek is beskikbaar gestel ter inligting van die lede en moontlike bespreking na die vergadering. Daar is tyd tot 11 Januarie 2019 vir die publiek om kommentaar te lewer.

## **6. AANVULLENDE AGENDA EN NUWE SAKE VIR BESPREKING**

- 1. Kragtariewe: Gebruik van solar: Kragbesparing: Verhoogdetarief –**  
‘n Lid van die gemeenskap het aangedui dat hy van solarkrag by sy woning wil gebruikmaak. Die munisipaliteit het hom blykbaar meegedeel dat die maandeliks eelektriese tarief op sy munisipale rekening sal verhoog. Na ‘n kort bespreking het BP versoek dat GN die betrokke persoon versoek om meer spesifieke inligting te voorsien vir moontlike insette deur die MBBBV.
- 2. Erf 928: Brandgevaar –** GN gee terugvoering. Inligting dui daarop dat die grond aan die Provinsie behoort. Volgens die Munisipaliteit is Provinsie herhaaldelik versoek om voorbrandpaaie aan te bring maar daar word nie gehoor gegee aan sodanige versoeke nie. Op hierdie stadium neem die MBBBV kennis van die pogings wat die Munisipaliteit neem om hierdie aangeleentheid op te los.
- 3. Munisipale Tariefbepaling Deelnamevergadering: 6 Desember 2018 –** GN stel die vergadering in kennis dat die voorgenoemde vergadering om 18:00 plaasvind by die Munisipale kantore in Grootbrakrivier. Lede wat wil bywoon kan saam met GN reis.
- 4. Erf 469: Aansoek om vergunningsgebruik as motorherstelwerk –** GN gee kortlikse die agtergrond rondom hierdie versoek, naamlik dat wyle Louis van der Vyver se werkwinkel en woning ‘n nuwe eienaar het wat nou die Munisipaliteit versoek vir ‘n vergunnings gebruik om motorherstelwerk op die perseel te doen. Die MBBBV het geen probleem met die versoek nie.
- 5. Erf 564, Tergniet: Boubeperking –** GN lê die versoek aan die MBBBV voor. Die versoek is om die vertikale bouperking van 6m na 9m te verhoog met ‘n gepaardgaande 2m verlaging van die grondvlak. Die MBBBV is van mening dat daar nie afgewyk word van die bestaande regulasies nie en steun dus nie die versoek nie.
- 6. Erwe 975 en 976, Reebok: Konsolidasieaansoek –** GN lê die vergadering in rondom die detail van die aansoek, naamlik dat die

eienaar die twee pypsteelerwe wil konsolideer hoofsaaklik om die ingang van een erf te skuif na die ander erf. Rede is dat die bestaande ingang baie steil is. Die MBBBV het geen beswaar teen die versoek nie.

**7. Aansoek konsolidasie, hersonering, gebruiksreg, onderverdeling van gedeeltes 121 & 122 van plaas Wolwedansnr 129, gedeeltes 31, 41,&53 en verskeie ander: Groenkloof Ontwikkeling** – GN verwys na die dokument wat voorgele is en na die besondere deeglikheid daar van. Die MBBBV het geen beswaar teen die aansoek nie.

**8. Heynsstraat**

- a. **Trappe sonder handreeling** – RL noem aan die vergadering dat die trappe se handreeling wat vanaf Heynsstraat afgaan in die rigting van die rivier, omtrent nie bestaan nie.
- b. **Waterpyp mangat sonder deksel** – Daar is 'n diep mangat waarvan die deksel weg is en gevaar van beserings inhou.
- c. GN versoek RL om beide gevalle skriftelik voorte le aan die betrokke Direkteur vir dringende aksie.

**7. BOUINSPEKTEUR: Andre Rayners**

- 1. **Oortredings van boueregulasies: Impala toegange/ Grysboek 85** – BAR gaan die betrokke eiendomme se bouplanne na om op te volg of sodanige ingange goedgekeur is.
- 2. **Val van boublokke in Impalalaan** – CB lewer betoog oor vorige versoeke rondom die behoefte aan 'n Munisipale beleid vir die oprigting van keermure met vooraf vervaardigde betonblokke. GN stel voordat CB saam met hom en Eddie Kruger besoek af te le by MnrCarel Venter, Direkteur, om die probleem op te los.
- 3. **Albertinia 46:** Hierdie item verwys na die onvoltooide en tans verwaarloosde rondawels wat op die erf langsaan opgerig is. Die eienaar kan nie tuis opgespoor word nie. BAR gaan nou 'n geregistreerde brief aan die eienaar rig om die geboue te voltooi en die terrein op te ruim.

**8. FINANSIES**

1. Die bedanking van Me Ann Pretorius het meegebring dat daar 'n wysiging in tekenmagte moet wees. Die vergadering besluit dat die onder-voorsitter MW ,alle inbetalings sal doen, dat MW, BP en GN voortaan oor tekenmagte sal beskik en dat aansoek gedoen sal word vir 'n debietkaart vir die MBBBV. MW en BP word gemagtig om die kaart te gebruik. Voordat enige onttrekkings gedoen word sal 'n rekwisisie deur die Sekretaresse uitgereik word wat deur minstens twee persone, met die nodige tekenmagtiging, goedgekeur word.
2. Die MBBBV keur ook goed dat Me Deidre Jooste as Sekretaresse aangestel word, dat sy alle administratiewe funksies van die MBBBV sal hanteer en dat sy vergoed word teen R3000 per jaar. Betaling sal pro rata maandeliks geskied.

## **9. WEBSITE INSTANDHOUDING**

Alle of enige items vir die WBBBS se Webtuiste moet ingedien word by GN.

## **10. BYWONING VAN MUNISIPALE KOMITEE RAADSVERGADERINGS - KENNISNAME**

George Nezar en Mike Wray woon maandeliks vergadering by en gee terugvoer.

## **11. WYKSKOMITEES**

Virbeide Wyke 4 & 5 is nuwe projekte geprioritiseer in samewerking met die Wyksraadslede.

## **12. BEWAREA**

GN deel die vergadering mee dat 'n epos ontvang is met betrekking tot BEWAREA se Algemene Jaarvergadering wat sal plaasvind op 20 Desember 2018 om 10:30.

## **13. PROJEKTE**

JR lig die vergadering in wat betref die stand van werk op die R102 projek. Dit is die volgende:

1. Kwekery tot Grootbrak – Tweerigting verkeer gedurende die vakansie alhoewel hierdie pad smal is.
2. Kwekery tot Groenkloof – Oop maar die pad verder na Impalaweg by Fraaiuitsig sal toe wees. Om verwarring vir padgebruikers te

vermy word voorgestel dat 'n kennisgewing aangebring word wat aandui dat die pad slegs vir Groenkloof- en Rheeboek Village bewoners is.

3. Kwekery tot Sorgfontein verby Rheeboekstene – Verkeersbeheer.
4. Riverside tot Swans Kwekery – Oop vir tweerigting verkeer.
5. Sirkel Grootbrak – Tweerigting verkeer.

#### **14. POLISIERING/BUURTWAG**

1. Oop vergadering vind plaas op 18 Desember 2018 om 18:00.
2. JR voorsien ook misdaadstatistiek vir die tydperk 1 November 2018 tot 30 November 2018.

#### **15. KORRESPONDENSIE**

Geen

#### **16. PLAASLIKE SAKE**

1. **De Lange Uitb.** – Geen verteenwoordiger
2. **Toekoms**-Geen verteenwoordiger
3. **Rheeboek Village/Groenkloof** – AS: Sakke word nie hier verwyder nie. GN versoek RL om 'n epos aan die relevante Direkteur te stuur om die problem op te los.
4. **Fraaiuitsig** –FN & CC: Nil
5. **Tergniet**- Geen verteenwoordiger
6. **Tergniethoogte**- MW & GN: Nil
7. **Reeboekhoogte**–JR: Nil
8. **Reeboekrif** – BP & FB: Nil
9. **Reeboek: Noord van die spoorlyn**– JL: Nil
10. **Reeboek: Suid van die spoorlyn** – CB: (a) Verwys item 7.2.  
(b) Verwys item 3 onder die MBBBV Aktiwiteitslys.
11. **Klein Brakrivier**– RL & PLR: Nil
12. **Riverside**- Geen verteenwoordiger

#### **17. ALGEMEEN - Kennisname items**

**AJV op Maandag 17 Desember 2018 om 10vm. Alle komitee lede moet asb 9vm aanmeld sodat oor Beyerstraat eenstemmigheid**

verkry word oor hoe ons dit sal hanteer indien vrae by vergadering gevra word.

Frik Nel teken verskoning aan aangesien hy nie hier sal wees nie.

**18. VOLGENDE VERGADERING SAL PLAASVIND OP WOENSDAG, 6 FEBRUARIE 2019 OM 13H00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL.**

<b>MBBBV AKTIWITEITSLYS 2018 Onderwerp</b>	<b>Bespreking</b>
<b>1. Midbrak N2/R102 Ontwikkeling- voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpsstigting</b>	<b>Junie 2019</b>
<b>2. Sake by Munisipale Regsafdeling: a) Tennisbane- Klein Brakrivier(navraag oor eiendomsreg) b) Erf 264 en 271 Reebok (vordering van eiendomsreg)</b>	<b>AD April 2019 Bewarea</b>
<b>3. Spooroorgangblokke</b>	<b>CB</b>

---

**George Nezar**

**Voorsitter**

**MidbrakBelastingbetalersvereniging**